

*Bo* Cecilia senior en Cecilia junior besig om 'n sangstuk te bespreek. Soos haar moeder is die jong Cecilia musikaal, maar toon meer aanleg vir teken- en verfkuns en volg tans 'n kursus in handelskuns.



# 13 IS HAAR GELUKKIGE GETAL!

## CECILIA WESSELS, VRYSTAATSE BOERNOOI, HET DEUR HAAR STEM FAAM VIR SUID-AFRIKA VERWERF

deur P. DU P. SNYMAN

As dertiende kind van haar ouers het Cecilia Wessels, vandag in haar fleur as ons grootste sopraansangeres, verre van met 'n bygelowige vrees vervul te wees, juis 13 as haar geluksgetal aangegryp. Sy skroom selfs nie om op Vrydag, die 13de in 'n konsert op te tree nie, en sy probeer om op alle moontlike en onmoontlike maniere die getal dertien in haar werk te laat geld. As jongnooi was sy bekend as die Vrystaatse Nagtegaal en in haar lang loopbaan as sangeres was sy al agtien maal in die buiteland waar sy met hoë onderskeiding opgetree het.

DIE beeld wat 'n mens van 'n kunstenaar se persoonlikheid vorm op grond van sy optrede op 'n verhoog, is dikwels verwronge. Die man wat vanaf 'n verhoog 'n gehoor kan boei, is dikwels in klein geselskappe 'n nonentiteit. Die toneelspeler wat gehore kan laat skaterlag sodat daar eintlik trane in hul oë kom, is dikwels in sy persoonlike lewe 'n man wat nooit 'n grappie kan maak nie. En die kunstenaar wat die rol van 'n hooffiguur in 'n opera vertolk, is menigmaal iemand wat in die werklike lewe allermins tot heldedade in staat is.

Dat daar ook 'n verskil moet wees tussen die beelde wat 'n mens van Cecilia Wessels as verhoogkunstenares en as mens opbou, is vanselfsprekend. Maar tog is die verskil nie so groot as wat 'n mens miskien sou verwag nie. Die indruk wat sy op 'n operaganger of 'n liefhebber van sang laat, is een van energie en krag, 'n wil om te oorheers en te oorwin. Miskien is hierdie indruk te danke aan haar algemene voorkoms van gesondheid en lewenslus, miskien aan haar kragvolle sopraanstem, of miskien aan haar voorliefde vir Wagner-musiek, met sy assosiasies van oer-Germaanse krag en lewenslus.

Wanneer 'n mens Cecilia Wessels dan as mens ontmoet, vind jy dat die indruk wat jy van haar as verhoogpersoonlikheid gevorm het, ook in hoë mate geld vir die mev. Beecroft van die private lewe. In 'n geselskap is sy dieselfde onselfbewuste en kragvolle figuur van die operasaal; vandat sy jou groet totdat sy weer van jou afskeid neem, is dit *sy* wat die oorheersende figuur is — nie deur intellektuele spitsvondighede of grootdoenery of doelbewuste pogings om 'n gesprek te láát vlot nie, maar bloot omdat sy 'n energieke mens is wat met 'n soms byna skokkende direktheid haar sê sê en haar vra vra. Haar stuk of agtien reise in die buiteland het haar nie laat ontaard in 'n „sosiale" persoon wat dinge met bestudeerde doelbewustheid doen om die skyn van verfyndheid te handhaaf nie. So iets sou in elk geval in botsing wees met haar hele persoonlikheid; sy is in wese 'n onverwikkelde persoon sonder enige pretensie van intellektualisme en temperamentaliteit.

In die omgang leer 'n mens haar as 'n selfstandige persoon ken. Miskien is dit die gevolg van werklike innerlike selfstandigheid, miskien net die front wat sy haar medemens bied om 'n innerlike gevoel van onsekerheid te verberg. Watter van die twee dit ookal is, sal dit in elk geval seker nóu saamhang met die feit dat sy die jongste van dertien kinders is en dat sy haar waarskynlik van jongs af teen die twaalf oueres moes handhaaf.

Haar vader, (later sir) Cornelius Wessels, was voor die Tweede Vryheidsoorlog 'n skatryk boer in die omgewing van Boshof. Gedurende die oorlog het hy egter feitlik al sy besittings verloor

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012



Ten spyte van al haar bedrywighede as kunstenares het Cecilia Wessels nie die belangstelling vir huiswerk wat as kind by haar gekweek is, verloor nie. Sy berei dikwels self die disse vir 'n onthaal aan haar huis.

en hy moes weer van voor af begin boer op die plaas Kwaggafontein, ses myl buitekant Bloemfontein, wat vandag nog die woning van die weduwee van sy jongste seun is. Hoewel hy nie ver op skool geleer het nie, het hy deur sy ywer en hardwerkendheid die agting van sy vriende afgedwing. Voor die totstandkoming van die Unie was hy voorsitter van die ou Vrystaatse Volksraad. Toe hy in 1924 oorlede is, was hy Administrateur van die Vrystaat. Tien jaar vroeër het hy „sir" geword.

Sy vrou, ook 'n nooi Wessels, was 'n baie knap huisvrou. Hoewel sy baie jonk oorlede is, is dit waarskynlik *sy* wat by die jong Cecilia die eerste liefde vir huiswerk opgewek het. Sowel mnr. as mev. Wessels het nooit die geleentheid gehad om musiek te bestudeer nie, maar albei was baie lief vir goeie musiek en was natuurlik baie trots op hul dogters se prestasies reeds op skool.

Die jong Cecilia se aanleg vir musiek het naamlik vroeg reeds die aandag getrek. Toe sy 'n dogtertjie van sewe jaar was, is haar vader as lid van die afvaardiging van die twee Republieke na Nederland gestuur, en dáár het sy dikwels na musiekkonserte gegaan. Sy het tóe al haar ouers verbaas met die manier waarop sy liedere kon onthou en násing. Op skool is sy vroeg reeds beskou as „die beste sangeres van die klas" en moes sy altyd voorsing en die ander leerlinge „wys hoe dit gedoen moet word."

Haar moeder is op 45-jarige leeftyd oorlede en die jong Cecilia is vroeg-vroeg na die Oranjekosskool in Bloemfontein gestuur, waar sy saam met pres. Steyn se drie dogters onder die eerste leerlinge van die skool was. In groot mate is dit hiér dat haar selfstandigheid ontwikkel het, maar ook tuis moes sy haarself handhaaf as jongste kind in 'n groot gesin waarin daar vyf broers was wat haar maar gedurigdeur geterg het. Dat sy die dertiende kind van haar ouers was, het haar nie verontrus nie; inteendeel, dit is juis om dié rede dat sy vandag nog die getal dertien as haar gelukkige getal beskou en selfs nie skroom om op 'n Vrydag die dertiende in 'n konsert op te tree nie. Sy probeer ook altyd om op alle moontlike en onmoontlike maniere die getal dertien in haar werk te laat geld.

Na voltooiing van haar skoolloopbaan het sy haar op die studie van musiek toegelê en klasse by die Suid-Afrikaanse kollege van Musiek in Kaapstad kom loop. By die Spes Bona-tehuis was sy een van die eerste kosgangers in die dae toe wyle prof. W. H. Bell nog prinsipaal van die musiekkollege was. Ook hier het sy gepresteer en al die belangrikste pryse op die Eistedfodd gebuit. Reeds in daardie jare het sy dikwels in die openbaar opgetree, ook as solis met die Kaapstadse stadsorkes onder die stok van Theo Wendt en Leslie Heward. Aan die begin was sy, soos sy self erken, dikwels senuweeagtig en het sy begin bewe wanneer sy voor 'n groot gehoor moet optree. Mettertyd het sy egter aan optrede voor gehore gewoond geraak.

In 1921 is Cecilia Wessels na Londen, waar sy die graad L.R.A.M. behaal en in die Queen's Hall-promenadekonsert gesing het voordat sy in 1924, met haar vader se dood, na Suid-Afrika teruggekeer het. Tydens 'n reis wat sy toe deur die Vrystaat en Transvaal onderneem het, het sy die bynaam die Vrystaate Nagtegaal verwerf. Ná afloop van die reis is sy weer na Engeland en na haar terugkeer in 1925 is sy getroud met mnr. E. E. Beecroft, bekende mynmagnaat, wat sy reeds vanaf haar sewentiende jaar geken het.

Hierna het sy in Suid-Afrika gebly tot na die geboorte van haar twee kinders, Cecilia en John, wat nou onderskeidelik negentien en sewentien jaar oud is. In 1935 het sy vir die eerste keer weer die geleentheid gekry om na die buiteland te gaan en het sy en mnr. Beecroft Suid-Amerika, die Verenigde State en Engeland besoek. Tydens hierdie reis het sy weer in die Queen's Hall gesing en daarna die rol van Brünhilde in die Sadler's Wells-teater vertolk. Kritici was feitlik eenparig in hul lof en sy is beskryf as „a glorious soprano of the Wagnerian type." In die *Huddersfield Daily Examiner* het die kritikus hom as volg uitgelaat: „Superb Wagner singing by Cecilia Wessels, the South African soprano with a voice impressive in both range and volume. She has at her command an amazing weight of tone, at its mightiest it is still brilliant, pure and resonant. Her singing of Brünhilde's Battle Cry last night suggested that miss Wesseis must be one of the finest living exponents of this music." In dieselfde saal het sy later ook die rol van Santuzza in *Cavalleria Rusticana* vertolk. In hierdie verband het die kritikus van die *Times* geskryf: „Her voice had the real dramatic quality which is more important even than acting. Her movements in moments carried conviction."

In 1937 het sy weer saam met haar kinders 'n reis na Engeland onderneem en het sy aan 'n aantal konserte deelgeneem. Voor die uitbreek van die oorlog het sy ook nog in Parys in die *Opera Comique* aan 'n Wagner-fees deelgeneem en by hierdie geleentheid is sy deur Maurice Imbert in *L'Art Musical* as „'n kunstenares van 'n baie hoë standaard" beskryf. Verlede jaar (1947 — 1948) is sy saam met haar dogter na Londen, waar sy haar grootste prestasie bereik het toe sy uitgenooi is om in die Koninklike Albert-saal saam met die Londense Simfonie-orkes onder die stok van Basil Cameron op te tree.

DIE voorafgaande gegewens is net genoeg vir 'n skraal blik op Cecilia Wessels se bedrywige lewe. Om 'n breër perspektief op haar

(*Vervolg op bladsy 67*)

John, negentienjarige seun van Cecilia Wessels, kyk toe onderwyl sy moeder blomme rangskik — 'n toneeltjie in die pragtig gemeubileerde voorkamer in hulle huis in Kaapstad. Mnr. en mev. Beecroft het 'n merkwaardige versameling erdewerk en meubels. Die tweelingstuk van die waardevolle kas op die foto word in die Kensington-museum, Londen, bewaar.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# 13 IS HAAR GELUKKIGE GETAL!

(*Vervolg van bladsy* 33)

werk te verskaf, kan 'n mens meld dat sy altesame sowat agtien keer na die buiteland was, dat sy gereeld elke jaar aan talle konserte in Suid-Afrika deelneem, dat sy 'n geesdriftige versamelaar van oudhede — veral van ou meubels — is, dat haar repertoire sowat 150 werke, met inbegrip van opera en oratorio, insluit en dat sy daarby nog 'n bedrywige huisvrou is wat graag onthaal.

Die liefde vir huiswerk is reeds in haar vroegste jare by haar gekweek. Haar moeder was 'n knap huisvrou en ná haar dood moes die jong Cecilia dikwels vir haar broers kook. In hierdie verband was sy gelukkig deurdat daar altyd een of meer van haar susters in die huis was by wie sy kon raad soek. Vandag nog is sy dikwels in die kombuis te sien, waar sy toesig oor die bereiding van die maaltye hou; dit gebeur ook by geleentheid dat sy self verantwoordelik is vir 'n maaltyd van ses geregte wanneer sy vriende onthaal. Slegs sowat 'n paar weke gelede het sy sowat vyftig mense op 'n partytjie onthaal en was sy self verantwoordelik vir die meeste versnaperings wat voorgedien is. Ook naaldwerk doen sy graag en sy vertel dat sy dit maklik vind; sy het dit jare gelede geleer en mettertyd ook vindingryk geword.

As dogter uit 'n welgestelde familie kon sy van jongs af haar versamelgier bevredig en vandag is haar huis vol seldsame oudhede wat sy en haar man gesamentlik en afsonderlik gekoop het. Die waarde van die meubels en erdewerk in haar huis moet op 'n heel paar duisend pond gestel word; selfs die meubels in baie van die afsonderlike kamers in haar drieverdiepinghuis is 'n paar duisend pond werd. Die meubels en erdewerk kom uit baie lande dwarsoor die wêreld en party is die enigste van dié bepaalde soort in Suid-Afrika; sommige soorte is selfs in Europa skaars. In haar voorkamer is byvoorbeeld 'n kas waarvan daar net een soortgelyke stuk in die wêreld is en dié word in die Kensingtonse Museum in Londen bewaar. Die kas is 'n hele paar honderd pond werd en is saam met die ander meubels in die voorkamer teen £1,000 verseker. Onder meer is in die huis twee Japanse blompotte wat meer as duisend jaar oud is en stoele wat uit die paleis van Peking afkomstig is.

Cecilia Wessels het op die oomblik geen vaste planne om oorsee te gaan nie, maar sy hoop om Amerika darem weer binne die volgende jaar of twee te besoek. Haar woonplek sal darem altyd Suid-Afrika bly; sy is geheg aan die land en meen dat die Suid-Afrikaanse publiek goeie musiek waardeer. Sy voel egter dat daar beter organisasie in verband met die musieklewe en meer aanmoediging vir Suid-Afrikaanse kunstenaars in Suid-Afrika self moet wees. Sy vind dit byvoorbeeld jammer dat oorsese kunstenaars dikwels ná hul fleur na Suid-Afrika gebring word om hier te kom sing. In plaas daarvan behoort Suid-Afrikaanse talent aangemoedig te word. Die goeie kunstenaars in Suid-Afrika, meen sy, is net so goed soos baie van die kunstenaars wat van oorsee hierheen gebring word.

Cecilia Wessels is vandag, na jare se studie en deur groot opofferings ter wille van haar kuns, in haar fleur en word beskou as Suid-Afrika se beste sangeres. *

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012